

BID NAMATE VERVOLGING IN **INDIË** AAN DIE TOENEEM IS



Vir Christene, is Indië h kruitvat van vervolging – en die groeiende geweld is hoofsaaklik as gevolg van die toename in radikale Hindoeïsme. Die wat Jesus volg in Indië ervaar gedurigdeur druk om terug te keer tot tradisionele Hindoe-oortuigings. Hulle word dikwels fisiek aangerand of soms vermoor. Christenvroue is dubbeld so kwesbaar weens hul geslag en geloof, en die vervolging wat hulle ervaar baie meer intens.

En tog, is die goeie nuus dat tesame met jou hulp om vervolgte gelowiges te versterk, die Evangelie uitgebrei word, die Kerk groei, en stel individuele gelowiges hul lewens in gevaar om Jesus se liefde te deel en Sy Koninkryk uit te bou!



Indië se posisie op die Wêreldwaarnemingslys het die hoogte in geskiet vanaf posisie #28 tot #11 in net vier jaar. Tog ontken die regering die baie tasbare vervolging van Christene, wat deur Hindoe-nasionalisme aangevuur word.

Beide Christenmans en -vroue word gedreig en fisiek kwaad aangedoen, in h poging om hul terug te bekeer tot Hindoeïsme, hul te forseer om te vlug of om hul eenvoudig uit te wis. Alhoewel beide mans en vroue vervolging in die gesig staar, is vervolging teen vroue meer gewelddadig.

Dit is kommerwekkend hoe die getal van gewelddadige insidente bly styg in Indië en hoe dit hierdie jaar nuwe hoogtes bereik het. En hierdie gerapporteerde insidente vir die 2018 Wêreldwaarnemingslys* word as net die puntjie van die ysberg beskou.

23,793
Christene fisiek en/of geestelik mishandel

336 Christene gedwing om hul huise te verlaat

635 Christene sonder rede aangehou

Arrestasie gebaseer op valse aanklagtes
Sosiale diskriminasie
Verlies van bates
Wreedardige aanranding wat neerkom op poging tot moord

Verkragting en molestasie
Moord
Isolasie a.g.v. geloof
Gedwonge deelname aan Hindoe-rituele

*Verslagdoeningsperiode: 1 November 2016 tot 31 Oktober 2017



Ses uit 29 lande het anti-bekeringswette in Indië geïmplementeer, met meer state wat beoog om dit te implementeer.

Radikale Hindoes en die regering werk saam om Indië in 'n suiwer Hindoe-staat te omskep

Sedert die tweede helfte van 2014, het Hindoe-radikales 'n "tuiskoms"-veldtog (ook bekend as *Ghar Wapsi*) geloods met die doel om Moslems en Christene terug te lok tot die Hindoe-kudde, en word dit soms met geweld uitgevoer. Verskeie veldtogte is al gehou waartydens honderde mense teruggekeer het tot Hindoeïsme. Die veldtogte het 'n hoogtepunt in 2015 en vroeg in 2016 bereik.

Kerke word omtrent daaglik aangeval en afgebreek in Indië, maar die regering sluit hul oë vir die realiteit van die geweld teenoor en druk op Christene. Hoekom? Die regering het planne om almal in Indië tot Hindoeïsme te bekeer teen die jaar 2020, en hulle sal vir niks gestuit word in hul poging om seker te maak dat Indië 'n Hindoe-staat word nie.



Bid asseblief vir jou brawe broers en susters in Indië om vas te hou aan Christus!

BID VIR:

Die situasie wat agteruitgaan in Indië. In die afgelope paar jare het Hindoe-organisasie meer aggressief geraak en verklaar hulle dat Indië 'n Hindoe-land is. Bid vir bekeerlinge vanaf Hindoeïsme wat erg onder druk verkeer om tot hul Hindoe-geloof terug te keer.

Christene, namate hulle evangeliseer te midde van anti-bekeringswette. Bid vir God se voorsiening en beskerming vir gelowiges in Indië namate hulle dapper evangeliseer in state met anti-bekeringswette. Bid dat hulle wys sal wees en God se beskerming sal ervaar namate hulle uitreik met die Evangelie.

Jong gelowiges wat "tuiskoms"-seremonies in die gesig staar. Bid dat God geleentehede vir dissipelskap sal voorsien vir jong gelowiges, sodat hulle gegrand sal wees in die geloof en die versoeking sal weerstaan om terug te keer tot Hindoeïsme, namate Hindoe-radikales hulle "tuiskoms"-veldtogte uitbrei.

Vroue en jong meisies. Bid vir Christenvroue wat kwesbaar is vir verkragting en Christenmeisies in Indië wat deur hul families onder huisarres geplaas word as gevolg van hul geloof. Bid dat God hulle sal beskerm, en bid vir hul families om die Here te leer ken.

Die beskerming van Christene. Namate geweld teenoor Christene toegeneem het, vra dat God hulle sal beskerm terwyl hulle Hom daaglik dien in 'n onstabiele land.